Wat ander sê

Dit is met groot vreugde om te getuig dat Dr Jan van Wyk ons gemeente kom bedien het op 8 Mei 2009.

Tydens hierdie reeks prediking het hy blywende indrukke op ons mense gemaak en ons het sy bediening baie geniet. Die besonderse wyse waarop hy ons geleer het aangaande die Kerkleer en die eindtyd leer het die gemeente tot vandag toe nog aan die praat.

Die Eindtyd speel 'n baie groot rol in die Volle Evangelie Kerk van God en ons het alreeds besluit dat ons horn weer wil gebruik in 2010.

Die gemeente kyk met groot verwagting uit na sy volgende besoek.
Past. Morné Lotter - Eloffsdal.

Dr van Wyk, Ek wil u graag bedank vir die impak en openbaring wat u besoek by ons gemeente vroeër die maand opgelewer het. Ons is dankbaar teenoor die Here dat Hy vir u so ‘n besondere bediening gegee het wat ek glo die hele kerk nodig het om te hoor.

As Pastore van gemeentes wat die algehele pligte en verantwoordelikhede van die gemeente moet nakom is dit wonderlik om te weet daar bestaan ‘n bediening soos “Nikos” wat spesialiseer op die gebiede wat intense navorsing en voorbereiding verg wat die Pastore nie almal voor tyd het nie.

Die terugvoer vanuit die gemeente was positief met sigbare vrug in die lewens wat deur God verander is en met die doping met die Heilige Gees. Die kennis en lering oor die eindtyd het verwarring en onsekerheid ook opgeklaar.
Pastoor D Enslin – Oase, Brits

Geagte Dr Jan van Wyk,

Baie dankie vir die uiters bekwame wyse waarop u die Spesiale dienste van 18 -21 Oktober 2009 by ons gemeente aangebied het.

U het ‘n uitstekende grondslag gelê die Sondagoggend, en die aand het baie mense ‘n vars oorgawe gemaak. Ek was veral aangenaam verras op die manier wat u die doping in die Heilige Gees verduidelik het die Maandagaand, en die heerlike salwing en werking van die Heilige Gees wat ons uit genade ervaar het. Daardie aand was daar ‘n stuk of 30 persone wat gedoop is in die Gees. U het verder met oorgawe en passie bedien ongeag die feit dat ons bywoning veel beter kon wees. Ons was regtig baie geseënd en gelukkig.
Dankie vir u vriendelike en bekwame diens,
Jou vriend en kollega
Past Jaggie van Niekerk – Kabega Park

(Om spasie en aflaai tyd te bespaar plaas ons net drie van talle soortgelyke skrywes).